BOEKRESENSIES

C S. Kotzé, Die NG Kerk en die Ekumene - 1, NG Kerkboekhandel, Pretoria 184, 151 pp. Prys R12-50*

Boeke oor ekumeniese verhoudinge van kerke in Suid-Afrika is merkwaardig genoeg, nie volop nie. Wat die Ned Geref Kerk se ekumeniese betrokkenheid en rol aanbetref, is die literatuur nog skaarser. Sekere aspekte hiervan is behandel deur dr Elfriede Strassberg in haar boek Ecumenism in South Africa. Hierdie boek is intussen ook uit druk en dus nie meer in die handel te koop nie.

Dr Kotzé bewys dus aan die Ned Geref Kerk en aan ekumeniese literatuur in die algemeen 'n groot diens deur hierdie reeks wat hy aanpak. Dit voor= sien in 'n groot behoefte en as promovendus oor hierdie onderwerp is hy ook uitmuntend geskik daarvoor.

Deel 1 van die reeks dra die subtitel: Die Ned Geref Kerk teen dwaal= rigting en skeuring. Dit is nie baie inspirerend om 'n hele boek net oor tweespalt, stryd en skeuring te lees nie - al is dit dan ook 'n weerspieë= ling van die gebroke realiteit waarin ons lewe. Dit is baie jammer dat dr Kotzé nie in sy eerste deel 'n uiteensetting gegee het van die wyse waarop hy sy tema onderverdeel en van die temas waaroor hy nog wil handel in die volgende dele nie. Eers as hy dit gedoen het sou 'n mens kon oordeel of dit werklik sinvol is om die eerste deel met die negatiewe kant van die ekumene te begin. Trouens, 'n mens vra jouself af of dit nodig is om al die dwaling en skeuring saam te bundel en of daar nie 'n ander verdelingsbeginsel gevolg kon word nie. Wat van 'n kronologiese behan= deling van die stof byvoorbeeld, waarin soet en suur darem so 'n bietjie afgewissel kan word? Sou dit nie meer in ooreenstemming met die erva= ringswerklikheid wees nie?

In sy inleidende hoofstuk gee dr Kotzé eers 'n kort verklaring van die begrip ekumene. Op p.4 volg sy werkdefinisie van die begrip. Na my mening is die definisie wat hy in sy proefskrif gebruik het en meer om= vattend is, veel beter en dit is jammer dat hy nie die volledige definisie hier ook gebruik het nie. Daarna volg 'n kort Bybelse fundering van die eenheid van die kerk. As dit nie in latere dele weer ter sprake kom nie, kon dit na my mening veel breër uitgewerk gewees het aangesien dit die fondament is waarop die hele vakgebied Ekumenika gebou moet word.

In hoofstuk 2 word daar in vyf bladsye gehandel oor die verskeurde kerk van die Protestantisme. Die klem val op geestesstrominge soos rasionalisme, positivisme, evolusionisme, teologiese liberalisme en relativisme wat in die negentiende eeu aanleiding gegee het tot kerkskeuringe. Hierdie agtergrond is belangrik vir ontwikkelinge in Suid-Afrika en kon tog miskien 'n bietjie meer aandag gekry het.

Die res van die boek vertel die verhaal van tweespalt, stryd en skeuring wat die Ned Geref Kerk getref het van die begin van die volksplanting af tot na die stigting van die Interkerklike Kommissie in 1939. In die ry van hoofstukke wat handel oor dwaling en skeuring pas hoofstuk 6 wat handel oor die stigting van die Raad der Kerken nie eintlik in nie. Dit is die enigste brokkie positiewe ekumene te midde van die lang verhaal van dwaling en stryd.

Dr Kotzé gee breedvoerig aandag aan dwalinge, sektariese bewegings, teologiese strominge en historiese gebeure wat spanninge in die Ned Geref Kerk veroorsaak het. Naas vele andere word die invloed van die Vrymesselaarsbeweging en die Christelike Nasionaal-Sosialistiese beweging bespreek. Verder word ook ingegaan op die invloed van die Rebellie, die tweede Vryheidsoorlog en die Wêreldoorloë.

Dit is 'n waardevolle bydrae wat die boek lewer.

In hoofstuk 8 word die ontstaan van die drie Afrikaanse Kerke behandel. Ek vra myself weer af of 'n kronologiese behandeling nie minder verwarrend sou wees nie. Die vorige hoofstuk eindig by Cottesloe en dan gaan die verhaal terug na 1852.

Die laaste twee hoofstukke van die boek gee 'n waardevolle uiteensetting van die verhoudinge tussen die drie Afrikaanse Kerke en van pogings tot samewerking. Te midde van vele spanninge skemer daar tog 'n begeerte deur om tot beter verstandhoudinge en groter eenheid te kom.

Tereg sluit dr Kotzé sy boek af met die woorde: "Die huis van Calvyn is in Suid-Afrika teen homself verdeeld ... Met hierdie dwaling het die Ned Geref Kerk nog nie afgereken nie". (Dit geld natuurlik ook van die ander twee susterkerke.)

Die boek bevat waardevolle materiaal wat uit ou bronne opgediep is en wat nêrens anders te vinde is nie. Dit is net jammer dat daar nie direk na die bronne verwys is nie. Daar is geen voetnotas nie en dit maak dit onmoontlik vir 'n student om sekere aspekte in die oorspronklike bronne breedvoeriger na te gaan.

Die boek is in 'n leesbare taal geskryf en ek wil dit graag aanbeveel aan almal wat in die ekumene en in die Ned Geref Kerk en sy verhoudinge met ander belangstel.

D.C.

---oOo---

C J Smit, God se orde vir sy kerk - 'n beskouing oor kerkorde, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 143 pp. Prys R12,50*

Hierdie boek is 'n verwerking van ds Smit (Geref Kerk Rustenburg) se Th. M-verhandeling wat hy by die PU vir CHO verwerf het. Die geheel= indruk van die boek is netjies en sonder enige opsigtelike setpunte.

Die boek se waarde is daarin geleë dat die behandelde onderwerp en die onderafdelings duidelik, helder en saaklik aan die orde gestel word. Om te sorg dat die leser nie die verkeerde gevolgtrekking maak nie, word daar gereeld 'n terugskouing aangebied (miskien soms té gereeld, bv bl 29, 33, 37, 42, 46, 59).

Om die probleemstelling, wat in die vraag: "Wat is kerklike orde?" opgesluit is, te beantwoord behandel die skrywer agtereenvolgens:

Die begrip orde in die Nuwe Testament (1 Kor 14:40);
Die orde as 'n (heilshistoriese) gawe en 'n (ekklesiologiese) opdrag;

Met die prinsipiële benadering van die kerkorde word eerstens die bronne vir kerkorde (Skrif, belydenis en kerkreg) hanteer en daarna die wese van die kerkorde (beginsels, gesag, karakter en doel, noodsaaklikheid en veranderbaarheid);
By die funksionele en aktuele benadering van die kerkorde word afgesluit deur die Dordtse kerkorde (DKO) voor te hou as die kerkorde wat aan alle vereistes voldoen.

Die boek lees lekker; die behandeling van "orde" in die Nuwe Testament is uitstekend (van die heel nuutste taalkundige gegewens is hierin verwerk). In die hele werk is dit opvallend dat die skrywer die nuutste bronne hanteer.

Die Gereformeerde teoloog kan feitlik deurgaans met instemming die argumentasie volg en ook die gevolgtrekkings deel wat die gebruik van die kerkorde betref: kerkorde is nie 'n wet nie, mag nie lei tot oorreglementering nie, bind die gewete slegs in soverre dit Gods Woord laat spreek.

Kritiek teen die werk is die feit dat die skrywer nalaat om aan te dui in hoeverre veranderinge aan die Dordtse Kerkorde, selfs al sou dit net van regulatiewe aard of formuleringsveranderinge wees (bl 95), 'n kerk die reg verleen om te verklaar dat hy op die DKO staan. Die indruk word gewek dat die DKO gekanoniseer word want hoewel die skrywer toegee dat die ius constitutum (die reg soos hy voorkom) almeer moet strewe om met die ius constituendum (die ideële reg soos deur God bedoel) ooreen te kom (vgl bl 73, 75, 90 - 95), konkludeer hy uiteindelik dat die studie saamtrek in die grondlyne, bestek en begrensing van die DKO (bl 137). (DKO art 86 verklaar egter self dat "Deze artikelen, de wettelijke ordening der kerken aangaande, zijn alzoo gesteld en aangenomen met gemeen accoord, dat zij (zoo het profijt der kerken anders vereischte) veranderd, vermeerderd of verminderd mogen en behooren te worden" - eie kursivering.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die volgende stelling ook "waardeer!?" moet word: "Hierby kan gevoeg word dat die Dordtse Kerkorde in Suid-Afrika eers vanaf 1859 te Rustenburg, met die 'herstigting' van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, in gebruik gekom het." (bl 116).

Wanneer die leser dus verby hierdie apologetiese uitgangspunt kan lees, is daar tog veel waarmee heelhartig saamgestem kan word. In hierdie opsig word die werk aanbeveel.

P.R. du Toit

---oOo---

J A Loader & J H le Roux (editors), Old Testament Essays Volume 2, Pretoria 1984, 151 pp. Prys R8,00.

Hierdie is die tweede bundel artikels deur personeellede van die departement Ou Testament van Unisa. Omdat hierdie artikels die navorsing weergee waarmee lede van die betrokke departement besig is, het die bundel nie 'n gemeenskaplike tema nie. In so 'n opset gaan dit dus nie om 'n diepgaande behandeling van een spesifieke probleem nie, maar eerder om die navorsingsresultate van verskillende temas in die Ou Testamentiese wetenskap. Vier van die ses artikels is literêr-eksegeties van aard, terwyl een 'n historiese studie is en die laaste een 'n argeologiese tema behandel.

Die eerste artikel is die Engelse vertaling van J A Loader se intreerede, waarin die boek Job onder bespreking kom. Sowel die tema en die samestelling van hierdie enigmatiese boek het geleerdes deur die eeue heen besig gehou. Verskillende literêre modelle is as verklarings vir Job aangebied, maar geeneen is geheel en al bevredigend nie. Nadat die outeur hierdie antwoorde ontleed het, kom hy tot die slotsom dat dié verklaringswyses wel deels waar is, maar dat die antwoord eerder in 'n geïntegreerde geheel gesoek moet word. Verder het die boek nie net een betekenis nie, maar word die tema van onregverdige lyding op drie verskillende vlakke uitgewerk. Hierdie drie vlakke korrespondeer dan ook met die drie literêre genres van die wysheid, die psalms en die juridiese model. In 'n artikel wat van deeglikheid, indringende wetenskaplike studie en 'n fyn literêre aanvoeling getuig, word die grootsheid van die boek Job en sy boodskap, ook vir ons vandag, na vore gebring.

In 'n interessante en weldeurdagte artikel behandel J P H Wessels die Josefverhaal as wysheidsnovelle. Hy toon aan dat, alhoewel hierdie novelle op sy eie sonder die huidige konteks in Genesis kan staan, dit tog ook op 'n ander vlak as deel van die Heilsgeschichte opereer. Op 'n besonder sistematiese wyse eksploiteer hy eers die betrokke literatuur oor hierdie verhaal voordat hy met sy eie tese kom. So kry die leser ook die geleentheid om nie net met die probleem gekonfronteer te word nie, maar stelselmatig deur die literatuur op hoogte te kom en uiteindelik tot die moontlike oplossing meegevoer te word.

W J Wessels behandel in sy artikel die perikoop van Jeremia 22:13-19 vanuit 'n histories-ideologiese hoek. Sy klem val op die bydrae wat die redaktors tot 'n bepaalde tradisie maak. Die gemeenskap as toehoorders kan dan help om die sosio-historiese matriks waarbinne hierdie tradisie groei, te bepaal. Hy toon dan ook myns insiens oortuigend aan dat Jeremia 22:15b-18a die werk van 'n Deuteronomistiese redaktor is. Hierdie artikel is veral waardevol omdat dit die waarde van redaksionele arbeid positief beoordeel.

In lyn met die voorafgaande artikel handel die navorsing van W A G Nel ook oor redaksionele arbeid in die profetiese literatuur. Hy behandel die aard, die plek en die outeurskap van die heilsorakel in Amos 9:11-15. Daar is 'n paar vaaghede in sy argumentasie (bv 2.3.19 p 93) en ook in die gebruik van sekere begrippe soos 'national eschatology' (p 93) en 'witnessed' (p 95). Dan het die drukkersduiwel die c uit 'redaction' (p 93) laat wegval. Verder is daar ook 'n vraag: hoe sluit hierdie heilsorakel aan by ander redaksionele byvoegings in die orakels teen die nasies? Tog bly dit 'n interessante en leersame artikel.

F E Deist se referaat oor Biskop J W Colenso is oorspronklik opgestel vir en gelees by die Universiteit van Natal se 'Bishop Colenso centenary lectures'. In 'n goed deurvorste werk oor een van die baanbrekers en oorspronklike denkers in die Ou Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika word op die volgende ses aspekte van Colenso se lewe en werk ingegaan:

1. Colenso as eerlike en dapper geleerde;
2. Die dogmatiese en historiese probleme wat hy in sy navorsing teengekom het;

3. Die redes waarom hy sy bevindings gepubliseer het;
4. Sy bydrae tot die Ou Testamentiese wetenskap;
5. Sy hermeneutiek en Skrifbeskouing;
6. Colenso se betrokkenheid by sosiale geregtigheid in die provinsie van Natal.

'n Mens sou graag 'n breër en meer diepgaande bespreking van veral punte 2 en 3 wou sien, maar verstaan dat dit weens die oorspronklike gerigtheid van die referaat nie kon nie. Ons is dank aan Deist verskuldig vir hier= die belangrike navorsing om een van ons voorgangers in die studie van die Ou Testament op so 'n simpatieke en deeglike wyse te beskryf.

Die laaste artikel handel oor 'n baie interessante, maar tog ook ge= spesialiseerde onderwerp. Hierin behandel C L van W Scheepers die ont= wikkeling van stedelike watervoorsieningstelsels in Palestina gedurende die laat Brons- en Ystertydperke. Watervoorsieningstelsels van plekke soos Jerusalem, Megiddo, Gezer, Hazor en Gibeon word deur middel van netjiese sketse met mekaar vergelyk en die ooreenkomste en verskille word aangetoon. 'n Mens sou die vraag kon vra of die voorkoms van sekere gesteentes, en veral die sogenaamde 'waterdraende rots' nie lig sou werp op sekere van die probleme nie. Hierdie artikel toon die belang van die argeologie om sekere sosio-historiese gegewens op te helder en ons ver= staan van die Ou Testament te verbeter.

In die geheel gesien is dit 'n lesenswaardige bundel artikels, waarby nie alleen die skrywers deur die geleentheid om hulle navorsing te publiseer, baat nie, maar ook die lesers daarvan. Daarom kan die bundel hartlik aanbeveel word, veral teen so 'n billike prys.

J.H. Potgieter

---oOo---

E P J Kleynhans, Gereformeerde Kerkreg, deel 2: Kerk en amp, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 161 pp (plus 25 bladsye literatuurlys en register). Prys R11,95.*

Die skrywer beoog om 'n aantal boeke oor die Kerkreg mettertyd te publiseer. Die eerste het reeds verskyn en die tweede deel wat handel oor Kerk en Amp word hiermee aangebied. Prof Kleynhans is uitnemend geskik om oor hierdie vakgebied te skryf, want as eertydse aktuarius en tans hoogleraar in die [illegible] hy met gesag praat. Sy aangename skryfstyl en duidelike
[illegible]rdien vermelding - alhoewel óók in hierdie deel te veel
[illegible]-plek 'n bietjie oorweldigend is en die duidelike lyn in
[illegible]lik.

[illegible]e word die tradisionele gereformeerde kerkregtelike opvatting rondom die leer én praktyk van die ampte uiteengesit. Die Skriftuurlike uiteensetting oor die amp kom eerste aan die beurt en dan word in volgende hoofstukke die predikant, ouderling en diaken afsonderlik bespreek - natuurlik in die lig van kerkregtelike vereistes. Die laaste hoofstuk (dit beslaan meer as 50 bladsye) handel oor 'n kontensieuse onderwerp, nl Die vrou en die amp. Hierin word byna uitvoerig die Skriftuurlike en historiese opvatting rondom die vrou en haar plek in die kerk uiteengesit. Enkele knelpunte - soos bv die sittingsreg op kerkraadsvergaderinge - word aangesny, maar sonder om 'n besliste keuse te doen. Wat meer is, die "kerkregtelike implikasie" m b t die vrou in die kerk word in slegs 6 1/2 bladsye gedoen, wat duidelik wys dat die skrywer (én die kerk) hier nog nie alles uitgepraat het nie!

Die boek word hartlik aanbeveel.

P.B.v.d.W.

* Goedgunstiglik deur die N G Kerkboekhandel beskikbaar gestel.